NGN 0001-0002-004

# INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

## Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat


| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
|---|---|---|---|
| 0 3 6 1 | 870624 175 | | |

DIE REPUBLIKEIN Jg. 10 Nr. 133 P. 5 Dat. 87 6. 24.




KUNSWERKE deur altesame sewentig plaaslike kunstenaars is Vrydagaand tydens die opening van die Stanswa Biennale in die SWA Kunsvereniging se ateljee en boonste galery in Windhoek uitgestal vir beoordeling. Hercules Viljoien, met sy Metafore vir 'n Ontvreemdingsritueel — Hervesting, is saam met Dörte Berner (Gebunder) as gesamentlike wenners in die afdeling vir professionele kunstenaars aangewys, terwyl Anita Steyn, met 'n ongetitelde werk in olieverf, die derde plek ingepalm het. Corné Loots se drie etse is hoog aanbeveel deur die paneel beoordelaars. In afdeling B vir amateurs, het Eberhard von Koenen die louere ingeoes, met Margie Nienaber in die tweede plek, en Ilme Schneider en Heidi Voigts gesamentlik derde. In kategorie C vir studente is Themba Masala aangewys as die wenner, met Ingrid Wiswe tweede, en Erik Schnack derde. Die opening van die uitstalling is waargeneem deur mnr. Henry Liebenberg, van Standard Bank SWA se Raad van Direkteure. Agter hom verskyn die direkteur van Standard Bank SWA, mnr. Karl-Heinz Schneider, terwyl een van die beoordelaars, prof. Karin Skawran, toekyk. Die uitstalling duur tot Donderdag.

Bl. 5

**TREFWOORDE**

1 ...............

2 ...............

3 ...............

4 ...............

5 ...............

6 ...............

7 ...............

8 ...............

9 ...............

10 ...............